HOËRSKOOL HIGH SCHOOL
WITTEBERG
finansies@witteberghs.co.za | 058 303 5271 | www.witteberghs.co.za
C/O Kestell & Plein Street, Jordania, Bethlehem 9700

FINANSIES – 2027

(2028 tariewe onderhewig aan begrotingsvergadering gehou November 2027)

SKOOLFONDS

Skoolfonds vir **2027** is as volg:

- Gr.8 tot Gr.12: R24 000 p/j
- **R500 deposito moet betaal word voor die skool begin in Januarie wat dien as deel van eerste paaiement**
- 5% Korting word toegestaan indien die volle bedrag betaal is voor einde Februarie van elke jaar.

Daar word van ouers verwag om die volle skoolgeld in Januarie te betaal. **Indien dit nie moontlik is nie, kan ouers 'n skriftelike reëling tref vir maandelikse afbetaling van Januarie tot Oktober.** 'n Debietorder kan deur die ouer geteken word as deel van die reëlings. Bogenoemde sluit uit sosiale funksies bv. Valentynsbal, matriekafskeid, koshuis "socials", sokkies, kampe, toere en ander aktiwiteite soos skoolfoto's, jaarblaaie, deelname aan olimpiades ens.

Nuwe aansoekvorms met betrekking tot skoolfondskwytskelding is in Januarie beskikbaar by die finansieskantoor en **moet jaarliks voltooi en ingehandig wees voor einde Februarie**. Die feit dat 'n aansoek ingedien is, impliseer nie dat die aansoek suksesvol sal wees nie en bly dit die verantwoordelikheid van die ouer om die voorgeskrewe skoolgelde stiptelik te betaal. Geen aansoeke sal oorweeg word indien dokumentasie onvolledig is nie.

Bankbesonderhede:
Hoërskool Witteberg
FNB Tjek
Rek Nr. 62193915942
Takkode: 230-133
Verw. Kind se naam, van en graad

PRAKTIESE VAKKE:

Volle bedrag betaalbaar voor praktieseklasse begin.

Verbruikerstudies Gr.8 – Gr.12: **R500-00 per jaar vir prakties**
'n Witteberg voorskoot is verpligtend vir elke leerder, beskikbaar op bestelling by die vakonderwyser teen **R200-00** (kontant betaalbaar met bestelling). Die voorskoot kan gebruik word van Gr.8 tot in Gr.12.

Landboutegnologie	Gr.10-12	**R1 000-00 per jaar vir prakties**
Landboubestuurspraktyk	Gr.10-12	**R 500-00 per jaar vir prakties**

BUSGELD 2027 Busroetes is beskikbaar na:

Clocolan	:	R 11 800 p.j.	Ficksburg	:	R 11 000 p.j.
Fouriesburg	:	R 6 900 p.j.	Marquard	:	R 11 300 p.j.
Senekal	:	R 7 150 p.j.	Kroonstad	:	R 14 300 p.j.
Memel	:	R 13 350 p.j.	Warden	:	R 7 000 p.j.
Vrede	:	R 12 300 p.j.	Paul Roux	:	R 5 200 p.j.
Frankfort	:	R 13 800 p.j.	Reitz	:	R 7 250 p.j.
Lindley	:	R 7 000 p.j.	Steynsrus	:	R 7 150 p.j.

- Busse ry nie op die eerste en laaste dag van ’n kwartaal nie.
- **Geen busgeld terugbetalings sal gedoen word indien busse tydens sekere geleenthede nie sou ry nie (bv. Wintersport/klinieke, langnaweke en Kersmark).**
- **Buitemuurse busfooie** sal per geleentheid bepaal en gehef word.

AGSTE VAKKE / BUITEBLOK – Gr. 10 tot 12

(Betaalbaar by onderwyser self; onderhewig aan verandering)

IGO	-	Mnr. Janco Els	(0826842245)	(R 1 250 x 3 kwartale)
Dramatiese kuns	-	Mev. Ronelle v Heerden	(0845341635)	(R 1 250 x 3 kwartale)
Visuele kunste	-	Mev. Lenka Claassen	(0820445853)	(R 1 250 x 3 kwartale)
Musiek	-	Mev. Riëtte Potgieter	(0794231469)	(R 2 500 x 3 kwartale)
Duits	-	Mev. Lindi Rheeder	(0833953589)	(R 1 250 x 3 kwartale)
Landbouwetenskap	-	Mnr. Mike Visser	(0825643898)	(R 1 250 x 3 kwartale)
CAT	-	Mej. Pula van Niekerk	(0825939599)	(R 1 250 x 3 kwartale)
IT	-	Mej. Pula van Niekerk	(0825939599)	(Fooie op aanvraag)

NB!! Betaling MOET teen einde Oktober 2027 afgehandel wees anders sal daar nie met die vak voortgegaan mag word nie.

KOSHUISFONDS

Koshuisgelde vir **2027** is as volg:

- R32 450 per jaar **streng betaalbaar oor vier (4) kwartale op die eerste dag van elke kwartaal.**

- **Deposito van R1 000 is betaalbaar voor einde November 2026 wat deel uitmaak van die totale koshuisfooie**.

Bankbesonderhede:
Witteberg Koshuis
ABSA
Rek Nr. 0770140714
Takkode: 632-005
Verwysing: Kind naam en van